HOËRSKOOL SWELLENDAM

GEDRAGSKODE

2020

HOËRSKOOL SWELLENDAM GEDRAGSKODE

Hierdie gedragskode is opgestel deur die ouers, leerders en opvoeders van Hoërskool Swellendam. Die gedragskode word toegepas om te verseker dat die skool doeltreffend bestuur word en dissipline gehandhaaf word. Die gedragskode kan gereeld hersien word.

A. GEDRAGSKODE-REËLS

1. GEDRAG EN OPTREDE VAN LEERDERS

1.1 Geen leerder mag op enige wyse die naam van die skool in diskrediet bring nie.

1.2 Leerders moet die skool tydens die vasgestelde skoolure stiptelik bywoon. ‘n Leerder mag nie gedurende skoolure sonder die skoolhoof of sy gedelegeerde se verlof uit ‘n klas afwesig wees of die skoolterrein verlaat nie. In ‘n geval van afwesigheid van ‘n skooldag moet die ouers ‘n skriftelike rede aan die skoolhoof verstrek. Reëlings ten opsigte van gedeeltelike afwesigheid van ‘n skooldag moet vooraf deur ouers getref word.

1.3 Terwyl ‘n leerder onder die skool se toesig is, mag hy/sy nie ‘n medeleerder/personeellid se liggaamlike welsyn benadeel of in gevaar stel nie en mag hy/sy nie wapens, speelgoed of stowwe wat liggaamlike beserings kan veroorsaak, of in sy besit hê nie.

1.4 Wanneer ‘n leerder hom/haar vrywillig by ‘n buitemuurse skoolbedrywigheid aangesluit het, moet hy/sy haar verpligtinge en verantwoordelikhede in verband daarmee nakom, tensy hy/sy deur die skoolhoof of sy gedelegeerde daarvan vrygestel word.

1.5 Leerders mag geen fasiliteite en toerusting van die skool, insluitend dié vir sport, buite skoolure sonder toestemming van die skoolhoof of sy gedelegeerde gebruik nie en mag nie buite skoolure sonder verlof die skoolterrein betree nie.

1.6 Geen leerder mag tydens skoolure, skooluitstappies of skoolverwante aktiwiteite binne of buite die skoolterrein, sportterrein of koshuisterrein in skooluniform of siviele drag rook nie. Rook in skooluniform in die openbaar sal as ’n oortreding beskou word.

1.7 Terwyl hy/sy by enige skool- of skoolverwante aktiwiteit of uitstappie betrokke is, mag ‘n leerder nie dwelmmiddels of alkoholiese drank of aanstootlike leesstof of materiaal in sy besit hê of aan ander verskaf of bekom of verhandel nie.

1.8 Geen fisiese toenaderingskontak word tussen leerders toegelaat nie. Geen leerder mag oor of deur skool se heining kontak maak met buitepersone gedurende skooltyd nie.

1.9 Die skool laat nie ontgroeningspraktyke toe nie. Die skool het wel ‘n vrywillige inskakeling- of oriënteringsprogram vir nuwe leerders.

1.10 ‘n Leerder mag nie skooleiendom, of enigiets by die skool wat die eiendom is van iemand anders, beskadig, ontsier of besoedel nie.

1.11 ‘n Leerder mag nie sonder die skoolhoof of sy gedelegeerde se verlof ‘n selfaangedrewe voertuig op die skoolterrein of sportvelde bestuur of parkeer nie. Motorfietse, kan soos fietse, op die aangewese plekke parkeer word.

1.12 Geen okkultiese, satanistiese of bendebedrywighede word op die skool- en sportterrein toegelaat nie.

1.13 Wanneer die skool se naam in gedrang kom deur leerders se privaatoptrede, het die skoolhoof die reg om ondersoek daarna in te stel en op te tree.

1.14 Geen onregverdige diskriminasie op grond van ras, geslag, swangerskap, huwelikstatus, etniese of kulturele agtergrond, kleur, seksuele oriëntasie, ouderdom, gebrek, godsdiens, gewete, geloof, kultuur, taal of geboorte, word toegelaat nie.

1.15 Taalgebruik moet volgens algemeen aanvaarde beskaafde norme wees en geen onwelvoeglike taalgebruik sal geduld word nie.

1.16 Selfone:

- ☛ Selfone word wel toegelaat, maar mag nie sigbaar wees nie en moet tydens lesure en klaswisseling afgeskakel wees.
- ☛ Tydens toetse of eksamens moet selfone aan die opsieners oorhandig word vir die duur van die toets of eksamen.
- ☛ Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir selfone nie.
- ☛ Indien bogenoemde reël oortree word sal die selfoon afgeneem word en in die skool se kluis gebêre word totdat die ouer/voog 'n brief ter verduideliking aan die skoolhoof rig waarin die teruggee van die selfoon versoek word. 'n Boete van R30 vir eerste oortreding, R60 vir

tweede oortreding, R90 vir derde oortreding en R120 vir vierde oortreding ens. is betaalbaar by teruggee van die selfoon.

1.17 Die gebruik van enige vorm van elektroniese toerusting, asook oorfone, is verbode tydens die skooldag. Dit mag nie sigbaar wees nie.

1.18 Kougom is te alle tye verbode.

2. DIE AANTREE EN BEWEGING VAN LEERDERS

2.1 Wanneer die klok aan die begin van die dag en aan die einde van tweede pouse lui, moet leerders onmiddellik na hulle aantreeplek beweeg. As die tweede klok twee minute later lui moet almal reeds stil wees. Leerders mag nie teen mure leun of onder die brug aantree nie.

2.2 In die skoolgebou hou leerders links en dra die skooltas in die hand weg van die muur.

2.3 Leerders mag nie sonder toestemming tussen lesure die kleedkamers of toilette besoek nie.

2.4 Wanneer klasse gewissel word, moet leerders flink na die volgende lokaal stap. Geen leerder mag egter deur die skoolgebou hardloop na klasse toe nie.

2.5 Geen skooltasse word voor skool in gange of klasse toegelaat nie, behalwe op reëndae. Tasse word tydens pouses by die klas geplaas waar die leerder ná pouse moet wees.

2.6 Vir leerders is die volgende areas verbode terrein voor skool en gedurende pouses:

- ☛ Voorportaal
- ☛ Gedeelte voor algemene kantoor
- ☛ Afrolkamer
- ☛ Klaskamers
- ☛ Saal
- ☛ Langs die saal - suid stoep
- ☛ Personeel kleedkamers
- ☛ Kleedkamers agter die saal is net vir gr. 8's se gebruik
- ☛ Gang voor die personeelkamer
- ☛ Agter of langs die muur van die skietbaan
- ☛ Swembad-area (binne en buite die omheining)
- ☛ Parkeerarea vir motors
- ☛ Tennisbane (ook agter tennisbane)
- ☛ Koshuisterrein (pouses)
- ☛ Gange, binnetrappe en vierkant tydens pouses
- ☛ Die voordeur by die kantore

3. ORDELIKHEID IN DIE SKOOLGEBOU

3.1 Aan die begin en einde van ‘n lesuur, handel leerders volgens die onderwyser se instruksies.

3.2 Wanneer enige volwassene die klaskamer binnekom, tree leerders op ooreenkomstig die betrokke klasreëling.

3.3 Voor skool en gedurende pouses mag geen leerder sonder toestemming ‘n klaskamer of skoolgange (behalwe met reënweer) betree nie.

3.4 Aan die einde van die skooldag en wanneer leerders vir pouse verdaag, stap leerders, met hul skooltasse, vinnig en ordelik die skoolgebou uit.

3.5 Geen leerder mag die saal betree sonder die teenwoordigheid of toestemming of instruksie van ‘n onderwyser nie.

3.6 In die saal heers daar stilte met die aanvang van funksies.

3.7 Wanneer aankondigings oor die interkom gedoen word, moet daar stilte wees en leerders word nie dan toegelaat om boeke weg te pak nie.

3.8 Die Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) en Matriekraad (MR) word bemagtig om op sekere terreine behulpsaam te wees met die toepassing van die gedragskode en hierdie gesag moet deur leerders aanvaar word.

4. ALGEMEEN

4.1 As teken van welwillendheid, groet ons beleef en vriendelik.

4.2 Wanneer ‘n volwassene ‘n kind aanspreek, is dit goeie maniere om op te staan.

4.3 Afwesigheid: wanneer ‘n leerder afwesig was, moet hy/sy op die eerste dag van skoolbesoek daarna ‘n brief van sy/haar ouers inlewer ter verklaring van die afwesigheid. Vir afwesigheid

tydens eksamens en kontroletoetse moet ‘n mediese sertifikaat ingehandig word.

4.4 Spesiale verlof vir afwesigheid gedurende die skooldag sal alleen vir dringende sake deur die skoolhoof of sy gedelegeerde toegestaan word. Geen leerder sal toegelaat word om die skool te verlaat alvorens ouers se versoek of toestemming ontvang is nie. Afsprake by dokters, ens. moet sovêr moontlik ná skoolure nagekom word.

4.5 Indien ‘n leerder die skool tydens die skooldag moet verlaat, geld die volgende prosedure:
(a) Die ouer se versoek word aan die skool gerig, of die ouer se toestemming word verkry.
(b) Die betrokke onderwyser(s) word ingelig.
(c) Die skoolhoof of sy gedelegeerde se toestemming word verkry (gewoonlik eers nadat verseker is bogenoemde is nagekom).
(d) Die leerder en ouer moet uitteken by die kantoor.

5. NETHEID VAN DIE SKOOLGEBOU EN -TERREIN

5.1 Geen papiere of rommel mag in die gebou of op die terrein laat lê word nie. Almal probeer om die gebou en terrein so netjies moontlik te hou en niemand stap by enige rommel verby sonder om dit op te tel en in ‘n vullisblik te plaas nie.

5.2 Dit is absoluut verbode om op die banke of ander meubels te krap, te skryf of om dit te beskadig.

5.3 Geen rommel mag onder die banke gelaat word nie.

6. BOEKE

6.1 Leerders koop self handboeke en skryfbehoeftes, behalwe die enkele leerareas waar die WKOD gratis boeke aan die skool voorsien. Die boeke moet aan die einde van die jaar weer terugbesorg word of betaal word.

6.2 Daar mag nooit met ink of ‘highlighters’ in enige WKOD handboek geskryf word nie. Slegs potlood mag gebruik word.

6.3 Aangesien gratis handboeke verskeie jare gebruik word, is dit elkeen se plig om sy/haar boeke so netjies as moontlik te hou.

6.4 Alle gratis handboeke moet met plastiek oorgetrek word volgens die onderwyser se instruksies.

6.5 ‘n Stewige skooltas of seiltas word verkies vir die beskerming van die skoolboeke. Geen seiltas sonder doeltreffende versterking word toegelaat nie. Slegs die leerder se naam, graad en skoolnaam mag op die tas geskryf word.

7. PERSOONLIKE NETHEID

Algemeen:

Die persoonlike voorkoms en kleredrag van ‘n leerder moet voldoen aan die welvoeglikheidsnorme wat normaalweg aanvaar word in ons gemeenskap. Ons plaas ‘n hoë premie op persoonlike netheid en beklemtoon graag die volgende:

7.1 Leerders moet sorg dat hul hare, naels en liggaam altyd skool en goed versorg is.

7.2 Skoene en klere moet elke dag skoon en netjies wees.

7.3 Skoolhemde moet te alle tye netjies ingesteek wees.

7.4 Leerders moet by skoolfunksies, saalbyeenkomste en sportbyeenkomste die voorgeskrewe skooldrag vir die geleentheid dra. Geen kleredrag met ander embleme as dié van die Hoërskool Swellendam mag gedra word nie.

7.5 Geen hangertjies, kettings, armbande, ringe, oorversiersels, ens. word toegelaat nie, behalwe die voorgeskrewe grootte oorringetjies of knoppies by dogters. Medic Alert waarskuwings vir allergieë mag gedra word. Geen gekleurde armbande van rubber of armbande wat boodskappe op het, mag gedra word nie.

7.6 Geen aansteekbordjies/lapelwapens anders as skoolverwante bordjies mag gedra word nie.

7.7 Tatoeëermerke mag nie sigbaar wees nie.

MEISIES:

7.8 Reëls ten opsigte van meisies se voorkoms is die volgende:

Hare

- Hare moet netjies wees. Indien dit los gedra word, mag dit nie oor die kraag hang nie.
- Die kuif mag nie oor die wenkbroue hang nie.

- Indien die hare in ‘n poniestert vas is, mag die voorste hare nie los wees of slegs agter die ore ingedruk word nie.
- Indien die hare in ‘n “bob” geknip is, mag dit nie vorentoe oor die gesig val indien die leerling vooroor buig nie.
- Hare mag net in ’n natuurlike kleur gekleur word.
- Kopbande en rekkies mag slegs swart wees.
- Geen juweliersware word toegelaat nie. Slegs goue/silwer oorringetjies met ‘n deursnee van nie meer as 10mm nie mag gedra word. Die ringetjies mag nie dikker as 1mm wees nie. Silwer of goue “studs” mag nie groter as 2mm in deursnee wees nie. Slegs een oorbel per oor, in die lel van die oor, word toegelaat. Nie steentjie of “diamant” in “stud” toegelaat nie.
- Geen ander ringe behalwe oorringe word toegelaat nie.
- Geen kleur-naellak word toegelaat nie. Slegs kleurlose naellak vir naelversterking mag gedra word. Naels moet kortgeknip wees. Geen “French tips”.
- Geen grimering word toegelaat nie.
- Geen “gel” of ander haarstileringsmiddele mag gebruik word nie.
- Wintersdrag word gedra vanaf die datum soos formeel deur die skoolhoof of gedelegeerde afgekondig word. Dit vind gewoonlik rondom die begin van Mei plaas. Somersdrag word vanaf die **vierde** kwartaal gedra.
- Geen ornamentele horlosies of gevlegte bandjies mag gedra word nie.

Somer Uniform:
- Vlootblou skoolrok (nie romp nie) met aanvaarbare lengte (as leerder op haar knieë regop staan, mag die rok nie korter as 20 cm van die grond af wees nie.)
- Wit hemp
- Moulose oortrektrui (matrieks met goedgekeurde embleem)
- Skoolbaadjie / skooltrui (die moue mag nie opgestoot word nie)
- Skooldas verpligtend by skoolbaadjie
- Swart toeryg- of gespe skoene
- Skoensole mag nie dikker as 15mm wees nie
- Skoene mag geen gekleurde stiksel hê nie, bv. wit of geel stiksel
- Slegs wit enkelsokkies mag gedra word (geen lang sokkies wat opgerol word nie)
- Sokkies moet op die enkel wees en niks hoër nie

Winter Uniform:
- Vlootblou skoolrok (vir lengte sien somer uniform) of grys skoolbroek
- Wit hemp
- Skooldas (verpligtend met winter uniform)
- Swart kouse by skoolrok en grys sokkies by grys skoolbroek
- Skoolbaadjie en/of skooltrui
- Vlootblou wolmusse (beanies) met die skoolwapen voorop kan onder die volgende omstandighede gedra word:
  - in gange,
  - tydens pouses,
  - voor skool / na skool en
  - tydens sportgeleenthede.

  Dit mag nie onder die volgende omstandighede gedra word nie:
  - in klasse en
  - tydens saalbyeenkomste (Maandag-byeenkomste, Prysuitdelings, Big Brag ens.)

7.9 **SEUNS**

Reëls ten opsigte van seuns se voorkoms is die volgende:

Hare:
- ‘n Maksimum lengte van meer as ½ van die afstand vanaf die middelpaadjie na die ore en vanaf die middel van die kop (kroon) na die kraag wees nie.
- Hare moet kort en netjies wees.
- Dit mag nie onnatuurlik kaalgeskeer op kop wees nie.
- Hare mag net in ’n natuurlike kleur gekleur word.

- Hare mag nie aan die kraag raak wanneer leerder regop staan nie.
- Dit mag nie in ‘n natuurlike staat aan die ore raak nie.
- Dit mag nie in ‘n “step” gesny wees nie.
- Dit mag nie in ’n natuurlike staat aan die wenkbroue raak nie.
- Die hare moet die natuurlike kurwe van die kop volg.
- Hare moet te alle tye:
  - Netjies versorg wees.
  - Aan al die reëls gesamentlik voldoen.
- Algemeen:
  - Haarstyl behoort by die haartipe te pas.
  - Geen “gel” of ander haarstileringsmiddele mag gebruik word nie.
  - Bakkebaard mag nie die onderste gaatjie van oor oorskry nie. (Sien skets)

Onderste punt van *“sidies”*

Algemene voorkoms:
- Leerders moet te alle tye geskeer wees.
- Geen juweliersware, armbande, kettings om die nek, ens. word toegelaat nie.
- T-hemde onder skoolhemde moet wit en sonder prente wees, en mag nie onder die skoolhemp uitsteek nie.

Somer Uniform:
- Grys skoolbroek (kort- of langbroek) NB!! langbroeke **met** gordel (bruin of swart) met geen opsigtelike gespes
- Kort grys sokkies by langbroek / Lang grys sokkies by kortbroek
- Wit hemp met kraag
- Moulose oortrektrui (matrieks met goedgekeurde embleem)
- Skoolbaadjie / skooltrui (die moue mag nie opgestoot wees nie)
- Skooldas verpligtend by skoolbaadjie
- Swart toeryg skoene
- Skoene mag geen gekleurde stiksel hê nie, bv. wit of geel stiksel

Winter Uniform:
- Grys skool langbroek. NB!! langbroeke **met** gordel (bruin of swart) en geen opsigtelike gespes nie
- Wit, langmou-dashemp met skooldas (verpligtend met winter uniform)
- Kort grys sokkies by langbroek
- Skoolbaadjie / skooltrui (die moue mag nie opgestoot wees nie)
- T-hemde onder skoolhemde moet wit en sonder prente wees, en mag nie onder die skoolhemp uitsteek nie.
- Vlootblou wolmusse (beanies) met die skoolwapen voorop kan onder die volgende omstandighede gedra word:
  - in gange,
  - tydens pouses,
  - voor skool / na skool en
  - tydens sportgeleenthede.

  Dit mag nie onder die volgende omstandighede gedra word nie:
  - in klasse en
  - tydens saalbyeenkomste (Maandag-byeenkomste, Prysuitdelings, Big Brag ens.)

7.10 Solank leerders enige vorm van skooldrag aan het geld al die bostaande reëls - al is dit buite die skoolhekke.

7.11 SPORT EN BUITEMUURSE AKTIWITEITE

- Leerders wat gekies word om die skool te verteenwoordig as deelnemers in enige sportaktiwiteit of namens hulle interne spanne, moet geklee wees in die goedgekeurde sportdrag of skooldrag.
- Alle leerders wat enige skoolaktiwiteit as toeskouer of ondersteuner bywoon, sal geklee wees in hul skooldrag.
- Benewens die verpligting om die bepalings van hierdie Gedragskode na te kom, hulle te weerhou van ontwrigtende, onbehoorlike, opstandige, onnodige opruiende of onbetaamlike gedrag. In die besonder mag leerders nie negatief reageer op die beslissings van beoordelaars of skeidsregters nie.
- Leerders wat enige skoolaktiwiteit bywoon sal hulle onderwerp aan die gesag en opdragte van die prinsipaal, enige opvoeder, lid van die VRL of ouer deur die prinsipaal aangestel en hul opdragte gehoorsaam.
- Leerders wat deelneem aan buite-sporte moet self die verantwoordelikheid dra, om die skool in te lig oor uitslae en prestasies. In geval waar ‘n toekenning gemaak moet word, moet stawende bewyse ingelewer word.

7.12 SELFONE

Algemeen:

- Enige leerling wat `n selfoon skool toe bring moet gebruik maak van die selfoonsluitkassies. Geen slimfone / tablette word tydens skoolure toegelaat nie
- ’n Sluitkassie word gehuur teen R60 per jaar en `n maksimum van 2 leerlinge mag ’n kassie deel. (Geen voorsiening word gemaak vir tablette nie.) Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir geskille wat mag onstaan tussen partye wat sluitkassies deel nie.
- Die R60 kan in drie paaiemente van R20 betaal word in die eerste week van die 1ste, 2de en 3de kwartaal. (Indien dit gedeel word is dit R10 x 3 keer per persoon.)
- Slegs een sleutel word aan die betrokke leerlinge, wat die ooreenkoms teken, oorhandig.
- Die betrokke leerling aanvaar verantwoordelikheid vir die sleutel en die kassie.
- Geen duplikaat mag onder enige omstandighede van die sleutel gemaak word nie.
- Indien `n sleutel wegraak sal die leerling `n bedrag van R50 moet betaal om die slot te vervang.
- Die Wet op Deursoeking geld ook vir die Selfoonsluitkassies.
- Hoërskool Swellendam aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige selfone nie.

Gebruik:

- In die oggend, voor skool, moet die selfoon reeds in die kassie geplaas word, net nadat die leerling by die skool aankom.
- Geen selfone mag na 07:30 nog gebêre word nie.
- Niemand mag onder enige omstandighede tydens normale skoolure hulle kassie oopmaak om iets weg te sit of uit te haal nie.
- Geen selfone mag tydens pouses gebruik word nie.
- Indien 'n opvoeder verlang dat leerders hul selfone, gedurende klastyd moet gebruik, moet daar eers toestemming by die skoolhoof verkry word. Die skoolhoof en vakonderwyser sal dan die nodige reëlings tref en deurgee aan die personeel, sodat almal kennis dra van die reëling.
- In die geval van `n noodgeval/oortreding moet die voorval by die Departementshoof vir dissipline aangemeld word.
- Slegs aan die einde van `n normale skooldag mag `n leerling die kassie gebruik om die selfoon weer uit te haal.

Indien ‘n leerder sy selfoon by hom/haar het tydens skoolure, 07:30 - 14:00, word die selfoon afgeneem en in die kluis gebêre. Slegs ouers mag die selfoon kom afhaal en ‘n hanteringsfooi van R60 moet betaal word. ‘n Leerder ontvang ook onmiddelik 20 negatiewe punte.

Indien ‘n leerder herhaaldelik die oortreding begaan, word die graad 1 oortreding ‘n graad 2 oortreding ens. Die oortredings word dan volgens die gedragskode hanteer.

B. OORTREDINGS, ONDERSOEKE, OPTREDE EN STRAWWE

8. BEGINSELS VAN TOEPASSING BY ONDERSOEKE EN DISSIPLINÊRE OPTREDE

8.1 Tydens ondersoeke sal die onderbreking van onderrig en die normale skoolprogram sovêr moontlik probeer vermy word.

8.2 Die uitgangspunt by die hantering van oortredings is nie slegs om te straf nie, maar om die gewenste gedrag te verkry.

8.3 Wanneer ondersoeke geloods word of dissiplinêre optrede nodig is, sal die betrokke persoon of liggaam wat sodanige optrede loods (ook dié wat namens of in belang van die individue of Beheerliggaam van die Hoërskool Swellendam optree), streef daarna om die beginsels van billikheid en regverdigheid na te streef, en konstruktief in benadering te wees.

8.4 Wangedrag van leerders word hanteer volgens die voorskrifte soos vervat in die Suid-Afrikaanse Skolewet, No. 84 van 1996 asook die Buitengewone Provinsiale Koerant No. 5190 van 31 Oktober 1997, asook alle ander wette en regulasies van tyd tot tyd gepromulgeer of afgekondig, soos van toepassing, en deur besluite soos van tyd tot tyd geneem of bekragtig deur die Beheerliggaam, onderworpe aan alle betrokke wette, reëls en regulasies.

8.5 Daar bestaan ‘n skoolondersteuningspan na wie oortreders verwys kan word. Die betrokke leerder se graadhoof sal in sulke gevalle as voorsitter optree.

8.6 Enige oortreding wat nie gelys is nie, sal deur die skoolbestuurspan hanteer word. Die skoolbestuurspan bestaan uit ‘n minimum van drie senior (in terme van jare diens of posvlakke) skoolopvoeders per geleentheid.

8.7 Alle oortredings sal in ‘n register aangeteken word.

8.8 Vir appélprosedure word die bepalings van Skolewet Nr. 84 van 1996, asook enige dokumente vermeld onder punt 8.4, gevolg.

8.9 Die voogonderwyser sal weekliks tribunale hou om leerders te help om korrek volgens die norme van die skool op te tree. Nadat ’n leerder 29 negatiewe punte versamel het, word die leerder na die departementshoofde verwys. Graad 8 - 9 en graad 10 – 12 na die betrokke departementshoof vir die spesifieke groep. Die departementshoof beraadslaag met die betrokke leerder oor sy/haar gedrag en probeer die leerder positief beïnvloed. Indien onsuksesvol word die leerder, wanneer hy/sy ’n totaal van 50 punte bereik na die skoolhoof verwys vir verdere optrede. Indien onsuksesvol word die leerder met bereiking van 100 punte na die dissiplinêre komitee van die SBL verwys.

9. NA GELANG VAN DIE GEVAL, SAL OORTREDINGS, IN DIE TUGREGLEMENT HIERONDER GELYS, OF POGINGS DAARTOE, DEUR GEBRUIKMAKING VAN EEN OF MEER VAN DIE BYGEVOEGDE KORREKTIEWE MAATREËLS, EN DEUR EEN OF MEER VAN DIE PERSONE SOOS HIERONDER AANGEDUI, HANTEER WORD:

- Opvoeder met die gedelegeerde gesag
- Die graadhoof
- Departementshoof
- Skoolhoof
- Beheerliggaam (Dissiplinêre komitee)

(Die volgende afkortings is hierna van toepassing: ODG: Opvoeder met gedelegeerde gesag; GH: graadhoof; DH: Departementshoof; SH: skoolhoof; SB: Skoolbestuurspan; BL: Beheerliggaam)

Swellendam Hoërskool
Tugreglement

GRAAD 1 OORTREDINGS			PUNTE	MOONTLIKE TUG/OPTREDE
1.1 Voorkoms				
1.1.1	01	Seuns ongeskeer	5	Stel reg vir volgende dag
1.1.2	02	Algemene netheid/voorkoms	5	Stel reg
1.1.3	03	Kleredrag	2	Stel reg
1.1.4	04	Geen skooldrag	5	Stel reg
1.1.5	05	Hare onaanvaarbare styl/te lank	4	Stel reg
1.1.6	06	Verkeerde sokkies	2	Trek uit
1.1.7	07	Grimering/naellak/naels te lank	3	Verwyder/knip
1.1.8	08	Juweliersware/versierings	3	Konfiskeer tot einde van die kwartaal.
1.1.9	09	Gekleurde lyfbande/geen lyfbande	3	Konfiskeer tot einde van die kwartaal
1.1.10	10	Verkeerde serpe	3	Konfiskeer tot einde van die kwartaal
1.1.11	100	Tas bekrap/tas in gang/nie voorgeskrewe tas	2	Stel reg
1.1.12	101	Sigbare tatoeëermerke	5	Mag geensins sigbaar wees nie. Laat verwyder.
1.2 Skoolwerk				
1.2.1	102	Tuiswerkversuim	5	Gesaghebbende kontak ouer na derde keer
1.2.2	103	Woon nie ekstra klasse (intervensie) by nie	5	Sien Assesserings- en Intervensiebeleide
1.2.3	104	Take nie ingelewer	5	Sien Assesserings- en Intervensiebeleide Gesaghebbende kontak ouer
1.2.4	105	Take laat ingelewer	5	Sien intervensiebeleid
1.2.5	106	Take/toetse nie geteken/teruggebring	5	Na 'n waarskuwing
1.2.6	107	Doen ander werk in klas	5	Neem af, oorhandig aan onderwyser
1.2.7	108	Skryf briefies in klas	5	Neem af, oorhandig aan Departementshoof
1.2.8	109	Werk nie klas nie/let nie op nie	5	Gesaghebbende kontak ouer na derde keer
1.2.9	11	Weier om strafwerk te doen	5	Verwys na Departementshoof
1.2.10	112	Boeke vergeet	5	Uitskryfwerk soos deur gesaghebbende bepaal
1.3 Laat kom				
1.3.1	113	Laatkom vir klas/studiesaal/eetsaal		Aanspreek en aanteken
1.3.2	114	Laat kom by rye	7	Aanspreek en aanteken
1.3.3	115	Laat kom vir skool	7	Departementshoof kontak ouer na derde keer
1.4 Vergeet/Verloor artikels				
1.4.1	116	Vergeet skeurstrokies na datum deur skool bepaal	2	Aanspreek en aanteken
1.4.2	117	Vergeet afwesigheidsbriewe eerste keer	2	Aanspreek en aanteken
1.4.3	12	Vergeet afwesigheidsbriewe herhaaldelik	4	Na tweede keer kontak Departementshoof die ouer
1.4.4	122	Vergeet administrasievorms	3	Aanspreek en aanteken
1.4.5	123	Verloor skoolboeke		Betaal boeke
1.4.6	124	Krap in/beskadig skoolboeke opsetlik	5	Betaal boek indien dit nie herstel kan word nie
1.4.7	125	Basiese skryfbehoeftes/sakrekenaar nie byderhand	2	Kan nie tydens toets of eksamen leen nie
1.4.8	126	Vergeet detensievorm	10	Ouers moet in kennis gestel word.
1.4.9	127	Vergeet om skooleiendom in te lewer	5	Aanspreek en aanteken
1.4.10	128	Handboeke nie oorgetrek	2	Aanspreek en aanteken
1.5 Deelname				
1.5.1	129	Wegbly van sportoefeninge	5	Aanspreek en aanteken. Meld aan by organiseerder.
1.5.2	13	Wegbly van kultuuraktiwiteit/oefeninge	5	Aanspreek en aanteken. Meld aan by organiseerder.
1.6 Algemene Gedrag				
1.6.1	130	Praat in klas/gang/rye/saal/studiesaal/na ligte uit	5	Aanspreek en aanteken.
1.6.2	131	Eet/kou/drink in klas/gang/rye	5	Aanspreek en aanteken.

1.6.3	14	Stamp/pootjie/klap in gange	5	Aanspreek en aanteken.
1.6.4	15	Maak geluide in klas/gang/rye	5	Aanspreek en aanteken.
1.6.5	150	Sonder verlofkaartjie in gang/klas/toilet/buite	5	Aanspreek en aanteken.
1.6.6	151	Betree verbode terrein	5	Aanspreek en aanteken.
1.6.7	152	Strooi rommel in klas/gange/terrein	5	Aanspreek en aanteken.
1.6.8	153	Ontwrig klasroetine/loop rond/praat uit beurt	5	Aanspreek en aanteken.
1.6.9	154	Ontneem ander leerders kans tot onderrig	5	Aanspreek en aanteken. Gesaghebbende kontak ouers
1.6.10	155	Gebruik van selfoon/elektroniese apparaat (lui, praat, speel, vertoon, kyk)	20	Konfiskeer. By sekretaresse (kluis) totdat ouer kom afhaal. Betaal R60. Aanspreek en aanteken.
1.6.11	156	Ry met fiets/rolskaatse op terrein	5	Aanspreek en aanteken.
1.6.12	157	Tuiswerk afskryf	5	Aanspreek en aanteken.
1.6.13	158	Misken die gesag van die VRL/SR	5	Aanspreek en aanteken.
1.6.14	216	Covid-19: Breek van 1,5m reël	10	Aanspreek en aanteken. Gesaghebbende kontak ouers
1.6.15	217	Covid-19: Verontagsaming van veiligheismaatreëls	10	Aanspreek en aanteken. Gesaghebbende kontak ouers
1.7 Oneerlikheid				
1.7.1	159	Hulpverlening met toetse/take/huiswerk	15	Aanspreek en aanteken. Albei kry 0.
1.7.2				
1.7.3	162	Vervals afwesigheidsbrief	15	Aanspreek en aanteken. Gesaghebbende kontak ouers
1.7.4	163	Praat tydens toets/eksamen	10	Aanspreek en aanteken.
1.7.5	164	Oneerlik in eksamen/afkyk/hulp verleen	20	Albei partye kry 0. Departementshoof kontak ouer/voog. Onreëlmatigheidskomitee. Gesaghebbende kontak ouers
1.7.6				
1.8 Afwesigheid				
1.8.1	166	Bank gedeelte van skooldag/klas/saal	10	Aanspreek en aanteken. Gesaghebbende kontak ouers
1.8.2	167	Bank volle skooldag	20	Aanspreek en aanteken. Gesaghebbende kontak ouers
1.8.3	168	Afwesig van nasorg/intervensie	10	Aanspreek en aanteken. Gesaghebbende kontak ouers
1.8.4	169	Ontduik detensie	20	Aanspreek en aanteken. Gesaghebbende kontak ouers
1.8.5	17	Ontduik pouse- en weekdetensie	20	Aanspreek en aanteken. Gesaghebbende kontak ouers. Verwys na SBL.
1.9 Vandalisme				
1.9.1	170	Krap op banke/mure/deure	10	Maak banke / muur / deur skoon / Indien nodig word die koste vir verf, herstel deur leerder betaal

KORREKTIEWE MAATREëLS VIR GRAAD 1 OORTREDINGS:

- *Detensie wanneer die totaal van 20 negatiewe punte bereik word.*
- *Nie toegelaat in klas*
- *Kry ekstra oefening vir huiswerk*
- *Tel papiere op na skool*
- *Verbied klas vir 3 dae*
- *Maak banke skoon*
- *Skoonmaak van klasse - uitvee, afstof, ens.*
- *Moet skool bywoon gedurende eksamen op dae wat hy/sy nie skryf nie.*
- *Help terreinwerkers na skool, bv. met tuin.*
- *INDIEN DIE LEERDER HERHAALDELIK GRAAD 1 OORTREDINGS BEGAAN, SAL GRAAD 2 KORREKTIEWE MAATREËLS GEVOLG WORD.*

Swellendam Hoërskool
Tugreglement(vervolg)

	GRAAD 2 OORTREDINGS		PUNTE	MOONTLIKE TUG/OPTREDE
2.1 Voorkoms				
2.1.1	171	Herhaalde Graad 1 oortreding (Seuns ongeskeer)	10	Aanspreek en aanteken
2.1.2	172	Herhaalde Graad 1 oortreding (Grimering/naellak/naels te lank)	10	Aanspreek en aanteken
2.2 Skoolwerk				
2.2.1	173	Herhaalde Graad 1 oortreding (Tuiswerkversuim)	10	Aanspreek en aanteken
2.2.2	174	Oop spasie vir latere gebruik.		
2.4.4	175	Herhaalde graad 1 oortreding (Vergeet administrasievorms)	6	
2.2.4	176	Herhaalde graad 1 oortreding (Take laat ingelewer)	10	Aanspreek en aanteken
2.2.8	177	Herhaalde Graad 1 oortreding (Werk nie in klas nie)	10	Aanspreek en aanteken
2.2.10	178	Herhaalde Graad 1 oortreding (Vergeet boeke)	10	Aanspreek en aanteken
2.5 – 2.6 Algemeen				
2.5.3	179	Wegbly van sportwedstryde/noodhulp	20	Aanspreek en aanteken. Sporttribunaal.
2.5.4	18	Wegbly van kultuuroptredes	20	Aanspreek en aanteken. Kultuurtribunaal.
2.6.1	180	Herhaalde graad 1 oortreding (Praat in klas, gang, rye)	10	Aanspreek en aanteken
2.6.2	181	Ongeoorloofde fisiese kontak	10	
2.6.9	182	Herhaalde Graad 1 oortreding (Ontneem ander leerders kans tot onderrig)	10	Uitstuur vir res van periode indien nodig. Opvoeder kontak ouers/voogde en meld by Departementshoof aan indien nodig.
2.6.14	183	Kom nie afsprake/opdragte na nie	10	
2.6.15	184	Baklei/afknou/opstook/afdreig/tart van leerders/VRL	10	Departementshoof kontak ouer/voog
2.6.13	21	Ondermyn opvoeder se gesag/praat teë/arrogansie	10	Aanspreek en aanteken. Gesaghebbende kontak ouers
2.6.14	22	Vuiltaal/lieg/vuil tekens wys/spoeg	10	Kontak ouer/voog.
2.6.15	23			
2.6.16	24	Swak/uittartende gedrag in detensieklas	10	Departementshoof kontak ouer/voog
2.6.17	25	Swak gedrag in openbaar/tydens skoolgeleenthede/saalbyeenkomste	10	Departementshoof kontak ouer/voog
2.6.18	26	Vind sigarette/vuurhoutjies/aanstekers/gevaarlike voorwerpe op leerder	10	Konfiskeer. Gesaghebbende kontak ouers

PROSEDURE:

- *Ouers word gekontak.*
- *Verskyn voor skoolhoof / departementshoof vir interne dissiplinêre verhoor.*
- *Bo en behalwe die uitkoms van die ondersoek/dissiplinêre verhoor moet die saak na die skoolondersteunings-meganismes verwys word.*

KORREKTIEWE MAATREËLS VIR GRAAD 2 EN HERHAALDE GRAAD 1 OORTREDINGS:

Een of meer van die volgende:

- *Detensie.*
- *Ouers kan te enige tyd deur Gesaghebbende/Departementshoof betrek word, selfs vir minder ernstige oortredings.*
- *MET 4 MAAL EN MEER VAN DIESELFDE GRAAD 2 OORTREDINGS MOET GRAAD 3 KORREKTIEWE MAATREËLS GEVOLG WORD.*
- *Gemeenskapsdiens op Vrydae en/of Saterdae.*
- *Inskoolskorsing (leerder kom skool toe en sit voor kantoor).*
- *Skorsing en gemeenskapsdiens (leerder kom skool toe en doen gemeenskapsdiens).*
- *Gesprekvoering. Leerder kan na Leerderondersteuner verwys word.*

- *Leerders kan voorreg ontsê word om tuis te studeer tydens eksamen.*
- *Leerder kan verbied word om sosiale funksies by skool by te woon (ook "civvie"-dae en matriekafskeid).*
  Gemeenskapsdiens
- *Opskorting van voorregte vir 'n tydperk*
- *Ontneem van ampte tot 'n tydperk van 'n jaar*
- *Nie verkiesbaar vir ampte*
- *Skoolterreindiens*
- *Opskort van voorregte ('Voorregte' sluit alle skoolaktiwiteite in wat nie direk met formele onderrig verband hou nie)*
- *Ontneem van erekleure/ampte*
- *Tydelike uitsluiting indien beheerliggaam die saak hanteer*
- *Tydelike uitsluiting met die oog op verwysing vir ondersteuningshulp (berader)*
- *Die leerder kan bo en behalwe die dissiplinêre optrede na die skool se ondersteuningsmeganismes verwys word.*
- *Aanbeveling vir uitsetting (moet na beheerliggaam verwys word)*

Swellendam Hoërskool
Tugreglement(vervolg)

DIE ONDERGEMELDE OORTREDINGS MOET DIREK AAN DIE BEHEERLIGGAAM OORHANDIG WORD WEENS DIE ERNS VAN DIE OORTREDINGS.

		GRAAD 3 OORTREDINGS	PUNTE	MOONTLIKE TUG/OPTREDE
3.2.1	28	Herhaalde Graad 2 oortreding (Tuiswerk)	20	
3.2.4	29	Herhaalde graad 2 oortreding (Take laat ingelewer)	20	
3.2.10	30	Herhaalde Graad 2 oortreding (Vergeet boeke)	20	
3.6 Gedrag				
3.6.1	31	Herhaalde graad 2 oortreding (Praat in klas, gang, rye)	20	
3.6.13	32	Herhaalde graad 2 oortreding (Ondermyn opvoeder se gesag)	20	
3.10 Ongewenste middels				
3.10.1	33	Rook op skool-/sportterrein/openbaar of teenwoordig.	20	Ouers word gekontak en verskyn voor departementshoof
3.10.2	34	In besit wees/gebruik van dagga of ander dwelms *(bv. snuif van gom, Tippex, ens.)*	25	SBL/SAPD
3.10.3	35	Besit/verkoop/onder invloed van sigarette/drank/ander. (*Ingesluit verbode of skadelike afhanklikheidsvormende medisyne of middels of ander dwelms en pornografie.*)	25	SBL/SAPD
3.10.4	36	In besit wees/rig van vuurwapen/messe/skerp voorwerpe	25	SBL/SAPD
3.11 Ander Oortredings				
3.11.1	37	Ernstige opsetlike aanranding van 'n ander leerder (ooglopende beserings) (*Bakleiery, mishandeling, intimidasie of ernstige afknouery van ander leerders met die opset om fisiese of psigiese leed te veroorsaak of die poging daartoe.*)	25	SBL/SAPD
3.11.2	38	Seksuele wangedrag/teistering/openbare onsedelikheid. (*Sluit in die besit of verspreiding van pornografie op skoolterrein. Onsedelike aanranding, verkragting, gedrag, molestering.*)	25	SBL
3.11.3	39	Verbale/nie-verbale aggressie teenoor personeel/VRL. (*Gebruik van vuil of beledigende taal of aanneem van 'n dreigende houding of afkeurende/weerbarstige houding teenoor mede-leerders(s), VRL, leerkragte of ernstige oneerbiedigheid en disrespek teenoor leerkragte.*)	25	SBL
3.11.4	40	Bendebedrywighede	25	SBL/SAPD
3.11.5	41	Inbraak/diefstal/besit van gesteelde goedere/brandstigting	25	SBL/SAPD
3.11.6	42	Santanistiese of okkultiese aktiwiteite	25	Skoolhoof/SBL/SAPD
3.11.7	43	Beïnvloeding van leerders tot destruktiewe gedrag	25	Ouers word gekontak en verskyn voor Departementshoof
3.11.8	44	Bestuur selfaangedrewe voertuig sonder toestemming/lisensie	40+	Ouers word gekontak en verskyn voor departementshoof
3.11.9	45	Gedrag wat veiligheid of regte van ander skend	25	Ouers word gekontak en verskyn voor Departementshoof
3.11.10	46	Bomdreigemente	25	Skoolhoof/SBL/SAPD
3.11.11	47	Rassistiese taalgebruik/haatspraak/spot	25	SBL
3.11.12	48	Doelbewuste en kwaadaardige beskadiging van eiendom (*Sluit in 'n medeleerder se eiendom, aktiwiteite van saakbeskadiging , vandalisme of pogings daartoe, brandstigting of poging daartoe, sabotasie of dreigemente van sabotasie.*)	25	Skoolhoof/SBL/SAPD

3.11.13	49	Enige optrede wat die beeld/naam van die skool benadeel. (*Ingesluit publikasie op die elektroniese media*.)	25	Skoolhoof/SBL
3.11.16	50	Beskadig eiendom van skool/personeel/leerders		Departementshoof kontak ouers. Vervang
3.11.19	51	Viktimisasie/Afdreiging	25	Ouers word gekontak en verskyn voor Departementshoof
3.11.20	52	Karakterskending/emosionele teistering/godlastering/immorele gedrag	25	Ouers word gekontak en verskyn voor Departementshoof
3.11.21	161	Doelbewuste lewering van vals inligting/vervalsing van dokumente	25	Aanspreek en aanteken. Gesaghebbende kontak ouers

PROSEDURE:

- *Beheerliggaam word onmiddellik gekontak.*
- *Ouers word gekontak.*
- *Aanhangigmaking van 'n strafregtelike saak indien van toepassing by die SAPD.*
- *Beheerliggaamverhoor moet binne 'n redelike tyd volgens die Dissiplinêre Prosedure plaasvind.*

GRAAD 2- EN 3 OORTREDINGS OF HERHAALDE GRAAD 1- EN 2 OORTREDINGS

MOONTLIKE KORREKTIEWE MAATREËLS:

Een of meer van die volgende:

- *Verpligte aantal sessies met skool berader.*
- *Gemeenskapsdiens.*
- *Skorsing 1 - 5 dae (leerder bly tuis)*
- *Skorsing 1 - 5 dae (leerder meld aan by skool en gaan huis toe)*
- *Inskoolskorsing (leerder kom skool toe en sit voor kantoor)*
- *Leerders kan voorreg ontsê word om tuis te studeer tydens eksamen*
- *Ontneem van ampte tot 'n tydperk van 'n jaar.*
- *Nie verkiesbaar vir ampte.*
- *Skoolterreindiens.*
- *Finansiële vergoeding aan slagoffers.*
- *Opskort van voorregte ('Voorregte' sluit alle skoolaktiwiteite in wat nie direk met formele onderrig verband hou nie)*
- *Leerder kan verbied word om sosiale funksies by skool by te woon (ook civvydae en matriekafskeid)*
- *Ontneem van erekleure.*
- *Tydelike uitsluiting indien beheerliggaam die saak hanteer.*
- *Tydelike uitsluiting met die oog op verwysing vir ondersteuningshulp.*
- *Verhoor met oog op skorsing of uitsetting. Volgens departementele prosedure.*
- *Uitsetting volgens departementele prosedure (Uitsluiting en Uitsetting geld vir skool en koshuis gesamentlik).*

Indien 'n leerder se negatiewe punte 'n totaal van 60 punte bereik, verloor hy/sy ALLE voorregte, BEHALWE formele onderrig.
Indien die betrokke leerder op daardie oomblik nie deel van 'n skoolsport is nie, moet die leerder elke dag, Maandag tot Donderdag, 'n uur na skool detensie sit. Die betrokke leerders, met of sonder sport moet elke pouse op die bankie voor die kantoor sit. 'n Leerder se voorregte word herstel sodra sy/haar totaal van negatiewe punte die totaal van minder as 20 bereik.
As 'n leerder VRYWILLIG aanbied om terreindiens te doen, sal die volgende geld:

1. 'n Leerder moet ten minste 1 uur aan 'n spesifieke taak werk om die totaal van 10 punte te bekom.
2. 'n Leerder mag net EEN taak per dag afhandel.
3. Die taak moet volgens die bevrediging van die toesighouer afgehandel word, voordat punte toegeken kan word.

POSITIEWE PUNTE

	BYDRAE		PUNTE	BESKRYWING
4.1 Detensie				
4.1.1	53	Sit eenmaal detensie (10 bladsye)	20	Punte toegeken nadat detensie suksesvol voltooi is.
4.1.2	54	Sit eenmaal detensie (9 bladsye)	18	Punte toegeken nadat detensie suksesvol voltooi is.
4.1.3	55	Sit eenmaal detensie (8 bladsye)	16	Punte toegeken nadat detensie suksesvol voltooi is.
4.1.4	56	Sit eenmaal detensie (7 bladsye)	14	Punte toegeken nadat detensie suksesvol voltooi is.
4.1.5	57	Sit eenmaal detensie (6 bladsye)	12	Punte toegeken nadat detensie suksesvol voltooi is.
4.1.6	58	Sit eenmaal detensie (5 bladsye)	10	Punte toegeken nadat detensie suksesvol voltooi is.
4.1.7	59	Sit eenmaal detensie (4 bladsye)	8	Punte toegeken nadat detensie suksesvol voltooi is.
4.1.8	60	Sit eenmaal detensie (3 bladsye)	6	Punte toegeken nadat detensie suksesvol voltooi is.
4.1.9	61	Sit eenmaal detensie (2 bladsye)	4	Punte toegeken nadat detensie suksesvol voltooi is.
4.2 Sport, Kultuur en Akademie				
4.2.1	62	Hulpverlening tydens tydens sportdae/konserte ens.	10	
4.2.2	63	Sport-/kultuurdeelname	10	Leerder moet brief van deelname by my kom afhaal en deur organiseerder laat onderteken.
4.2.3	64	Bywoning van sportdae/kultuuraktiwiteite	5	Leerder moet brief van deelname by my kom afhaal en deur organiseerder laat onderteken.
4.2.4	65	Buitengewone werk/boek/taak		Opvoeder gebruik eie diskresie.
4.3 Algemeen				
4.3.1	66	Merkbare en volhoubare verbetering in werk en werksgesindheid	10	Moet oor ’n tydperk van 2 weke waargeneem word.
4.3.2	67	Merkbare en volhoubare gedragsverbetering	10	Moet oor ’n tydperk van 1 maand waargeneem word.
4.3.3	68	Aanbieding en voltooiing van terreindiens	10	Moet in oorleg met faktotum geskied.
4.3.4	69	Lewer 'n bydrae tot die netheid van die skool	10	Moet spontaan en op gereelde basis geskied.
4.3.5	70	Gereelde skoolbywoning (maks. 3 afwesig per kwartaal)	10	Klasonderwyser maak ’n opsomming.
4.3.6	71	Netjiese en korrekte uniform	10	Kwartaalliks. Volgens inspeksie rekord.
4.3.7	72	Aanmelding van oortredings	10	Rook, diefstal, vandalisme ens.
4.3.8	73	Bereidheid om teen swak gedrag van ander leerders te getuig	10	
4.3.9	74	Inhaal van agterstallige werk binne vasgestelde tyd	10	Bv. Leerder is nuut in skool of was afwesig en het agterstallige werk spoedig ingehaal.
4.3.10	75	Leerder het verlore goedere opgetel en ingelewer	10	Moet geverifieer word.
4.3.11	76	Fondsinsamelings	10	Voltooiing van vorms/boekies ingelewer (maksimum bedrag ingesamel)/ verkryging van borge.
4.3.12	78	Deurlopende goeie gedrag en werksgesindheid	5	
4.3.13	79	Lewer 'n positiewe bydrae deur akademiese betrokkenheid in 'n spesifieke klas	10	
4.3.14	80	Diens bo eie belang	20	Waar ’n leerder ’n besondere diens aan die skool lewer deurdat hy sonder bybedoelings sy alma mater se beeld bevorder.
5	81	Skoolhoofdetensie	-20	Toekenning van detensie volgens die hoof se goeddunke.
6.1	97	Twee boekies verkoop (Cash Drop)	20	
6.2	98	Een boekie verkoop (Cash Drop)	10	

NB: Die bogenoemde lys is op geen manier volledig nie, maar is bloot ‘n riglyn vir die skool en leerders.
Elke dissiplinêre aksie sal op eie meriete verhoor en evalueer word.
Aanbeveling tot uitsetting sal slegs oorweeg word indien daar geen werkbare alternatief is nie.

Aangesien die Hoërskool Swellendam Gedragskode van tyd tot tyd hersien en aangepas word, word ouers/voogde en leerders gevra om sodanige voorstelle aan die Beheerliggaam vir oorweging voor te lê.

_____ 8/6/2020

DISSIPLINÊRE KOMITEE **DATUM GEKOMMUNIKEER**

Agreement regarding the disciplinary system of the Swellendam High School

We, as parent (s) / guardian (s) of _____ (learner's name), accept the code of conduct of the Swellendam High School and have familiarized ourselves with the contents thereof. We support fully the rules as they will contribute to a healthy academic environment and maximize the academic development of all learners.

If my child is found to have transgressed any of the rules, I/we shall support the appropriate disciplinary measures taken against him/her

_____ _____

Signature: Father/Guardian Signature: Mother/Guardian

Date: _____ Date: _____

I, _____, as a pupil of the Swellendam High School, have read the code of conduct / disciplinary procedures and hereby accept the punishment that would be imposed on me if I were to be found guilty of transgressing any of the stated rules.

_____

Signature of Learner

Date: _____